

7 Augustus Skrifgedeelte: 2 Samuel 15:1-16:14; Spreuke 30:11-17
Fokusgedeelte: 2 Samuel 15

Die pad van eiewaan en hoogmoed

Ideale verskaf dryfkrag in jou lewe. Maar onbeteuelde ambisie maak 'n mens selfsugtig, hardvogtig en wreed. Dit skaaf die bande met jou medemens dun. Absalom is 'n lewende voorbeeld van só 'n ambisieuse persoon wat niks en niemand ontsien nie. Absalom het reeds status as prins gehad. Ongelukkig was Dawid se opvoeding van hierdie prins nie bo verdenking nie. Absalom was boonop 'n uitsonderlike mooi man met 'n flambojante leefwyse. Hy het mense maklik beïndruk. Mettertyd het hy 'n aansienlike aanhang gekry. Dawid en sy raadgewers het nie die vaagste vermoede gehad dat daar duister motiewe agter sy grootdoenerige optrede skuil nie. Hy het die staatsgreep listig stap vir stap beplan, totdat hy gereken het die tyd is ryp vir optrede. Sy pa en sy gevolg moes huilend vlug vir hul lewe. Maar na sy aanvanklike sukses wag 'n ontnugterende mislukking op hom en sy aanhangers! Hierdie geskiedenis leer jou weereens dat ware grootheid langs 'n ander weg bereik word. Christus leer ons: "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle wat eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien..." (Mark 11:43,44).

Op só 'n lewenswyse volg verhoging! Dán kan jy vertrou dat die Here jou sal seën.

Sing: Psalm 139:1,12

Ds APC Duvenage (Emeritus)